

Die goeie herder

As daar in die Bybel oor herders gepraat word, word nooit neerhalend of afkeurend daarvoor geskryf nie. Inteendeel, herders word gesien as mense wat getrou hulle plig nagekom het en as waaksame, goeie versorgers van hulle diere.

Ons Here Jesus Christus verwys hier in Johannes 10 na Homself as dié Goeie Herder. Getrou aan sy Vader se opdrag het Hy gekom om sy lewe af te lê vir sy skape (sy kerk) en hulle só te verlos. In teenstelling met die dief wat roof en doodmaak, het Hy gekom om te verlos en te dien (Joh 13). Een eienskap van 'n goeie herder is immers om sy lewe te waag en homself bloot te stel om sy skape te red (Gen 31:40). Jesus kon sy lewe aflê omdat Hy self die lewe is en die lewe besit. Niemand is of was of sal ooit só gehoorsaam, só getrou, só liefdevol en só bewoë wees om te beskerm, te genees en te verlos as Jesus Christus nie. Hy lê sy lewe af as eerste stap tot sy verhoging, omdat dít 'n daad is van vurige liefde vir sy kinders. Sodoende het Hy, deur sy lewe af te lê, die dood en die hel en Satan oorwin.

Ek en jy kan vandag Jesus Christus bely, Hom ken en in Hom glo as die Goeie Herder wat ons kom verlos het deur sy lewe af te lê. Jy kan daarom die Here ten volle vertrou dat wat die Goeie Herder gedoen het, Hy gedoen het omdat Hy jónu lief het. Glo dit en gaan leef vandag as 'n verlose "skaap" van God – blootgestel aan "wolwe" en "diewe", maar omarm en beskerm deur die liefdevolle hande van 'n Goeie Herder!

Sing: Psalm 23:2

Ds. NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)